# VERSLAE VAN NEUTRALE MILITÊRE WAARNEMERS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG

## (Kapt Jonkheer J. H. Ram)

### Inleiding

In die voorafgaande bydrae het die leser, veral danksy dr. C. de Jong se vertaalwerk, kennis gemaak met 'n waardevolle beskrywing van kaptein J. Allum se militêre waarnemings van ruim 2½ maande van die Tweede Anglo-Boereoorlog, aan Boerekant.

Nie alleen uit 'n militêr-historiese oogpunt nie, maar terselfdertyd uit 'n aanvullende oogpunt ten opsigte van ons vaderlandse geskiedskrywing beskou, is hierdie waarnemings van onskatbare waarde. Dieselfde geld vir hierdie Noorse militêre attaché se waarnemings op die suiwer menslike vlak. Hier het die leser te doen gehad met 'n skerp, kritiese waarnemer van 'n volk wat van sy medegevoel verseker was, maar wat — waar en wanneer hy dit nodig geag het — dieselfde volk se algemeen menslike en militêre tekortkomings op skrif gestel het.

Sy vernaamste doelstellings was om uit al hierdie waarnemings te leer en om sy eie volk se militêre weerbaarheid op dié wyse te verhoog.

Dieselfde doel is deur sy Nederlandse kollega, kaptein Jonkheer Johan Hendrik Ram, een van die Nederlandse militêre attachés by die Boeremagte te velde, beoog.

### 1. Die skrywer

Jonkheer Johan Hendrik Ram is as seun van jonkheer Karel Jacob Adriaan Hendrik Ram en sy gade Pauline Madeleine Rose op 7 Desember 1861 in die stad Utrecht, Nederland, gebore.

In verband met sy militêre loopbaan het die Hoof van die Seksie Krygsgeskiedenis van die Nederlandse Landmag, luitenant-kolonel G. J. van Ojen, Jr., Kanaalweg 2, 's-Gravenhage, Nederland, welwillend die volgende gegewens verstrek:

Op 20 September 1877 is jonkheer J. H. Ram tot kadet [Infanterie] by die Koninklike Militêre Akademie [Breda] benoem en op 1 Julie 1881 tot kadet-korporaal bevorder. Op 11 Julie 1882 volg sy bevordering tot 2e luitenant by 7 Regt. Infanterie, vanwaar hy, na oorplasing na 5 Regt. Infanterie, op 11 November 1885, ooreenkomstig artikel 38 van die wet van 28 Augustus 1851, tydelik aan die aktiewe diens onttrek word.

Op 27 April 1887 tree 2e luitenant jonkheer J. H. Ram, nou by 7 Regt. Infanterie, weer tot die aktiewe diens toe. Op 24 Junie 1887 volg sy bevordering tot 1e luitenant en op 21 September 1888 sy oorplasing na die Regt. Grenadiers en Jagers, terwyl op 26 September 1888 beslis word dat hy by die Grenadiersbataljon van bogenoemde eenheid sal dien. Hy word op 10 Februarie 1891 aangewys om in die loop van dié jaar vir die tydperk van vyf jaar by die Nederlandse strydmag in Oos-Inlië gedetasjeer te word. Inskeping aan boord van die stoomskip **Ardjoeno** volg op 2 Mei 1891 te Marseille (Frankryk).

Luitenant jonkheer Ram kom op 10 Junie 1891 te Batavia aan, word by 18 Bataljon ingedeel, op 24 November 1892 na 3 Bataljon oorgeplaas en op 24 Junie 1893 volg sy oorplasing na die garnisoensbataljon van Atjeh en Onderhorighede Sumatra. Ook in 1893 is hy oorgeplaas na 12 Bataljon en op 3 September 1894 weer na die reeds genoemde garnisoensbatal-

jon, en op 11 April 1895 volg sy oorplasing na 16 Bataljon.

Hy ontvang in 1896 opdrag om hom te Padang [Sumatra] na Nederland in te skeep, vertrek met die stoomskip **Prinses Sophie** en kom op 5 Maart 1896 te Genua, Italië, aan. Hy het, tydens sy verblyf in Oos-Indië, in 1892, 1893 en 1894 aan krygsverrigtings in Atjeh deelgeneem en in dié verband die algemene ereteken vir belangrike krygsverrigtings 1873, 1876 op 23 Februarie 1898 ontvang, nadat op 6 Desember 1897 die onderskeidingsteken vir langdurige Nederlandse diens as offisier aan hom toegeken is

Terug in Nederland op 5 April 1896 het hy weer by die Korps Infanterie in diens getree. [7 April 1896] om op 1 November 1897 by die "Hoogere Krijgsschool", 's- Gravenhage, gedetasjeer te word. Op 29 November 1899 is luitenant jonkheer J. H. Ram tot kaptein by 3 Regt. Infanterie bevorder en op 6 Desember 1899 blywend by die "Hoogere Krijgsschool" gedetasjeer.

Verder is aan hom opgedra om hom op 21 Desember 1899 na Suid-Afrika te begewe ten einde die krygsverrigtings by te woon.

Op 1 November 1900 het sy oorplasing na die reeds genoemde Infanterieregiment gevolg.

## 2. Die "Opmerkingen" en "Lessen"

Na aanleiding van 'n lesing wat op 13 Desember 1901 deur kaptein jonkheer J. H. Ram in die vergadering van die "Vereeniging ter Beoefening van de Krijgswetenschap" oor die onderwerp "Enkele opmerkingen van krijgskundigen aard naar aanleiding van den Zuid-Afrikaanschen oorlog" gehou is, is op die vergadering van 20 Maart 1902 'n debat deur lede van die reeds genoemde vereniging gehou. Sowel die teks van die lesing as van die debat is in die orgaan van die "Vereeniging ter Beoefening van die Krijgswetenschap" gepubliseer, naamlik die teks van die lesing in die jaargang 1901 - 1902 [p. 174 e.v.] terwyl die teks van die debat in die volgende jaargang afgedruk is.

## 3. Die lesing.

a. Die agtergrond.

Voordat kaptein jonkheer Ram deur die voorsitter, kolonel De Vlaming, aan die woord gestel is, het laasgenoemde in die vorm van 'n inleiding onder meer meegedeel dat kaptein Ram 'n geruime tyd aan die hoofkwartier van generaal Louis Botha verbind was en in staat gestel is om die Boere-krygsverrigtings te volg. Hy het daaraan toegevoeg dat sowel die toespraak as die daaropvolgende debat 'n suiwer militêr-wetenskaplike karakter sou dra [p. 148].

Kaptein Ram het sy voordrag begin met die vermelding dat sy waarnemings beperk is tot die periode van gereelde oorlogvoering, aangesien die Transvaalse regering in September 1900, nadat besluit is om die spoorwegverbinding met Delagoabaai prys te gee, die militêre attachés aangeraai het om die land te verlaat. Hy het verder die mening uitgespreek dat 'n studie van die guerilla-tydperk vermoedelik tot dieselfde taktiese gevolgtrekkings sou lei as 'n ontleding van die eerste deel van die stryd.

Allereers het die spreker daarop gewys dat die Boerestrydmag in beginsel van die organisasie van die Europese leërs afwyk. In laasgenoemde geval bestaan daar 'n samevoeging van drie wapens, 'n stafdiens en georganiseerde hulpdienste vir verpleging, terwyl — aldus spreker — by die strydkragte van die Republieke dit alles nagenoeg ontbreek het.

Daar was die hoofwapen berede infanterie, terwyl die veldartillerie as gevolg van swakte die meeste gevegte moes vermy en as infanteriegeskut aangewend is. Kavallerie het heeltemal ontbreek, terwyl die opperbevelhebber nie oor 'n vooraf-georganiseerde staf beskik het nie. Wat die verpleegdiens betref, moes alles aan die begin van die oorlog in die lewe geroep word. Bygevolg het dié hulpdiens onder die gemis aan 'n sorgvuldige voorbereiding gely.

Tewens het by die Boeremagte die gesagsbegrip grotendeels ontbreek. As gevolg hiervan het die Europese militêre dissipline ontbreek.

Hierdie en ander faktore lei daartoe, aldus kaptein Ram, dat dit moeilik is om vergelykend te werk te gaan en hoe moeilik dit is om, op grond van ervarings wat in Suid-Afrika opgedoen is, voordeel hieruit vir Europa te trek [p. 154].

Spreker het, met verwysing na bogenoemde opmerkings, verklaar dat dié besonderhede reeds grotendeels voor die oorlog bekend was en in dié verband sowel 'n koerantberig van 20 Oktober 1899 as 'n dokument van die Britse generale staf van Junie 1899 aangehaal.

Soortgelyke uitsprake is deur die verloop van die stryd ewenwel slegs gedeeltelik bewaar-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

heid en in dié verband het die spreker na Stormberg, Magersfontein en Colenso verwys.

b. Tekortkomings. Voordele.

Volgens 'n groot aantal militêre deskundiges sou die ontbreek van militêre tug, 'n deeglike oorlogsorganisasie en bekwame leiers in die nadeel van die Boere tel.

Hieraan voeg kaptein Ram toe dat die Boerestryders as skuts en ruiters, en ook wat hul gehardheid teen ontberings te velde betref, die vergelyking met die Engelse soldate skitterend kon deurstaan [p. 158].

Indien, so vervolg kaptein Ram, die Boerestrydmag 'n goed aangevoerde en georganiseerde leër sou gewees het, dan kon die Boeremagte met hul aanvanklik gunstige sterkteverhouding, deur 'n kragtige strategiese offensief, in Natal of in die Kaapkolonie meer sukses behaal het. In dié verband moet daar onthou word dat die krygsleiding van die Boere met 'n strategies defensiewe gedagte besiel was. Hierdie gedagte was, volgens kaptein Ram, onder meer 'n uitvloeisel van die politieke denke van die Boere wat op verdediging berus het, terwyl die weermag nie geskik was vir die deurvoering van 'n strategiese aanval nie [p. 161].



Genl P. A. Cronjé

Dan was daar, soos reeds verklaar is, moeilikhede ten opsigte van die verpleging, die voedsel- en ander voorsieningsdienste, die gebrek aan bekwame stafoffisiere en 'n deeglik georganiseerde verkenningsorganisasie [pp. 161-162].

Die afwesigheid van militêre dissipline is in die begin nie sterk gevoel nie. Die hoop op 'n kortstondige oorlog en die geesdrif van die Boere was sterk, maar na die oorgawe van generaal Cronjé het dié gebrek ernstig aan die lig laat kom [p. 164].

Dit sou, so vervolg kaptein Ram, onbillik wees, om die oordeel oor die waarde van die magte van die burgers heeltemal deur die indruk uit die eerste tydjie te laat beheers. Om 'n betroubare indruk te verkry, moet die aandag aan die hele tydperk gewy word.

c. Belangrike vrae

As belangrike vrae stel kaptein Ram die volgende:

i. Die werking van moderne vuurwapens en hul invloed op die gevegshouding, en

ii. Die invloed van die Anglo-Boereoorlog op die leërvorming.

Om die eerste vraag te kan beantwoord, is dit nodig om aandag aan gevegte, veral dié wat aan die begin van die onderhawige tydperk plaasgevind het, te wy.

In dié verband gaan hy dieper in op geslaagde frontaanvalle soos dié van generaal Penn-Symons by Dundee waar die Britse artilleriesteun van deurslaggewende betekenis was, terwyl dieselfde die geval was tydens die daaropvolgende slag van Elandslaagte. Strategies beskou het hierdie twee veldslae verstrekkende gevolge gehad. Deur die opmars van die Boere 'n paar dae te stuit, was die Britse troepe by Ladysmith in staat om hulle te verenig en is die insluiting van Ladysmith deur die Boere met 'n paar dae vertraag [p. 167]. Andersyds het die Boere in Natal 'n tweetal aanvalle met welslae onderneem [Nicholsonsnek, Modderspruit]. Vervolgens wys kaptein Ram op die stryd aan die wesfront [Belmont, Graspan, Modderrivier, Magersfontein]. In verband met laasgenoemde slag wys die spreker-skrywer daarop dat, volgens hom, die feit dat die Boere bestand was teen die hewige Britse artillerievuur, gedeeltelik toe te skryf is aan die besielende aanwesigheid van generaal P. A. Cronjé, "een der weinige Boerengeneraals, die wist te bevelen en verlangde dat zijn bevel gehoorzaamd werd" [p. 177].

Die verliese aan Britse kant was weliswaar gering en die verklaring van die Britse opperbevelhebber dat die swaarste Britse verliese tydens die vlug voorgekom het, toon volgens kaptein Ram aan dat die morele krag van die aanvaller gebreek was nadat hy slegs 'n besonder geringe persentasie verliese gely het [p. 178]. Hieruit lei kaptein Ram verder die groot morele uitwerking van die moderne wapen af, 'n gevolgtrekking wat hy vervolgens met die slag van Colenso toelig — [p. 183]. Hy voeg verder hieraan toe dat, net soos in latere gevegte, hierdeur die groot krag bewys word wat die moderne geweer aan die verdediger verleen, terwyl die aanvaller deur hierdie wapen feitlik nie gebaat is nie, aangesien sy groter vuurvermoë nie opweeg teen die moontlikheid wat die geweer die onsigbare verdediger bied. Tewens moet die aanvaller groot afstande onder vyandelike vuur aflê waardeur sy fisieke krag uitgeput word en aan hom die nodige kalmte en rus ontneem wat hy nodig het om min of meer korrel te vat.

Wat by die geveg te Colenso besonder treffend was, was die verskynsel — en hier verwys kaptein Ram na sy Amerikaanse kollega kaptein Slocum — dat daar nie 'n enkele Boer gedurende dié geveg sigbaar was nie. Met betrekking tot dié verskynsel voeg kaptein Ram hieraan toe dat byna rooklose kruit die algehele onsigbaarheid van die verdediger waarborg [p. 184].

d. Opstelling van kanonne. Verkenning

Kaptein Ram deel mee dat die Boere se kanonne, wat gewoonlik afsonderlik opgetree het, onsigbaar opgestel was, maar dat hul posisie deur die vuurstraal verraai is. Aangesien die posisies van die kanonne moeilik vas te stel was, het die Engelse die omgewing van so 'n posisie of posisies onder skoot geneem. Die pom-poms het feitlik geen vuurstraal vertoon nie, was deur hul opstelling ontrefbaar vir die vyandelike batterye en is meesal gebruik om geslote infanterieformasies te bestook. Die aanvallers was, as gevolg hiervan, verplig om hulle reeds op afstande van meer as 2 000 m te versprei.

Verkenning het, as gevolg van bogenoemde omstandighede, feitlik geen resultate opgelewer nie. Terwyl vooruitgestuurde kavallerie,

informasie wat van die bevolking verkry is en ander ophelderings- en verkenningsmiddels nie veel opgelewer het nie, was veldteleskope en verkykers, waarvan die Boere 'n nuttige gebruik gemaak het, onmisbaar.

Gedurende die geveg het die Engelse die lugballon as 'n hoë waarnemingspos gebruik. Bombardering van posisies, 'n verkenningsmiddel wat dikwels toegepas is, het nie veel aan die lig gebring nie, ookal omdat die Boere hierdeur min of geen skade ondervind het nie en so 'n bombardement selde beantwoord het. Op grond hiervan kom kaptein Ram tot die gevolgtrekking dat die meeste aanvalle wat deur die Engelse onderneem is, sonder veel kennis van die sterkte en posisie van die teenstander uitgevoer is [p. 186].

e. Posisies

Die Boere het gewoonlik hul posisies aan die helling en agter die koppies ingeneem. Van daaruit kon hulle maklik hul perde bereik. Hulle het 'n bepaalde weersin teen posisies in die vlakte gekoester vanwaar hulle, uit die aard van die saak, die perde nie byderhand gehad het nie. Die perd was daar om die burgers in en uit die geveg te bring. Uit hierdie opvatting het die bekende Boeretaktiek ontstaan wat aan die Engelse bekend was en wat grotendeels vir die aanvanklike welslae van die Engelse verantwoordelik was. Aan die ander kant het, waar die aanvallers uit loopgrawe in die vlakte onder die lood gesteek is, dié oortuiging tot Boere-verrassings by Magersfontein en Colenso gelei.

Die Boere se posisies was uitgestrek deur betreklik swak afdelings beset, en dit het die Boere genoodsaak al hul troepe in die eerste linie te plaas. Van reserwes was daar geen sprake nie en die gee van leiding gedurende 'n geveg was onmoontlik. Dit kon slegs gedurende die voorbereiding geskied, terwyl die verplaas van versterkings na 'n swak gedeelte van die posisie deur verskuiwing van die besetting slegs in 'n paar gevalle [Magersfontein] geluk het. By Dalmanutha is 'n vrugtelose bevel in dié verband gegee.

f. Die Engelse aanvalsvorm

Aanvanklik het die Engelse ooreenkomstig die toendertydse Europese vorm aangeval. Spoedig is ewenwel die tussenruimte in die voorste linie vergroot en is terselfdertyd die ondersteuningstroepe en reserwes binne die bereik van die vyandelike geweer — en kanonvuur versprei. Die verspreide infanteriste was deur die kleur van hul uniforms selfs op kleiner afstande moeilik waarneembaar. In later gevegte het hul lang linies mekaar met tussenruimtes van 'n paar honderd meter gevolg en op dié wyse die Boereposisies genader.

Volgens kaptein Ram was die Britse verliese as gevolg van hierdie aanvalmetode besonder laag. In dié verband kom die spreker tot die gevolgtrekking dat, ten spyte van die feit dat die Britse offisiere en manskappe 'n tekort aan indiwidualiteit en vindingrykheid openbaar het, hul moed ontembaar was. Hulle was taai, vasberade en het onvoorwaardelik gehoorsaam [p. 188].

Ten spyte hiervan verklaar kaptein Ram dat morele faktore, wat onafhanklik van verliese is wat gely is, by die moderne wapen meer op die voorgrond tree [p. 188].


Die sterkste faktor in dié verband is die betreklik rookvrye patrone van die verdediger en die vuursnelheid wat 'n oorwegende invloed uitgeoefen het. Dit is faktore wat, soos kaptein Ram verklaar, berus op die geheimsinnige krag van die moderne handvuurwapen wat, soos dit veral in die gevegte by Modderrivier, Magersfontein en Colenso aan die lig gekom het, die oortuiging by die Britse militêre leiers laat posvat het dat frontaanvalle, tensy deur 'n groot oormag uitgevoer en ondersteun deur aanhoudende artillerievuur, in Suid-Afrika geen kans het om te slaag nie [p. 191].

g. Skietvaardigheid en -opleiding

Dat die skietvaardigheid van die verdediger 'n belangrike rol in verband met die behoud van 'n posisie speel is, aldus kaptein Ram, geen ontdekking in verband met die Anglo-Boereoorlog nie [p. 193].

In vergelyking met hul teenstanders was die Boere, in verband met die skat van afstande, kunstenaars. Dié vaardigheid skryf kaptein Ram aan die jag toe, terwyl hy tewens die gewoonte noem van die Boere om, in geval van verplasing van die doelwit, daaraan te dink om die visier van sy geweer te verander. Engelse soldate het dit dikwels vergeet. Dit het die Boere verbaas en daartoe bygedra om nog minder van die skietvaardigheid van hul teenstanders te dink. Die Boere het die geweer uitsluitend as 'n skietwapen gebruik,

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Militêre Ballon gebruik deur die Britse magte by Modderrivier**

heeltemal op die koeël vertrou en nooit behoefte aan die bajonet gevoel nie. Tewens het die ervaring hulle geleer dat die bajonet van die teenstander onskadelik was solank hulle van skietgoed voorsien was. [p. 194]. Die Boere het die bajonet van die teenstander geminag en op hul snelvuurmagasyn vertrou. [p. 195].

Die skietopleiding se doel moet wees om die indiwiduele skietvaardigheid so hoog as moontlik op te voer aangesien die vertroue wat die skut in sy geweer stel, die kragtigste faktor is om 'n goeie vuurdissipline te verseker, aldus kaptein Ram [p. 195]. Hy het daaraan toegevoeg dat veral die ouer burgers oor 'n benydenswaardige skietvaardigheid beskik het.

h. Demoraliserende invloed

Die Vickers — Nordenfelt outomatiese kanon, wat deur die Boere gebruik is, het — aldus kaptein Ram, 'n besonder demoraliserende invloed op 'n vyand. Die Britse soldaat het hierdie wapen meer gevrees as enige ander

Boere-kanon. Die pom, pom, pom-geluid het die senuwees aangetas en die Nederlandse militêre attachés het steeds die indruk gekry dat die Boere groot waarde aan dié kanon heg. Die pom-pom vuur vyftig skote per minuut en daar is vyf-en-twintig projektiele in 'n band. Word geslote troepe formasies met hierdie wapen bestook dan moet hulle reeds 'n paar km van 'n posisie tot verspreiding oorgaan. Aan masjiengewere, handmaxims, het sommige Boere geen waarde geheg nie, terwyl generaal Ben Viljoen een handmaxim as gelykstaande aan vyf-en-twintig man beskou het [p. 199].

i. Die lugballon

In verband met die gebruik van die lugballon as verkenningsmiddel merk kaptein Ram op dat die Boere die lugballon in 'n hoë mate gewantrou het. Hy haal die Amerikaanse militêre attaché, kaptein Slocum, aan wat onder meer die volgende besonderhede verstrek het:

Die lugballon wat lord Roberts by sy troepe gehad het, het baie dienste bewys om die plek te bepaal waar die vyand en sy kanonne hulle bevind het. Hy is meer as eenmaal deur geweerkoeëls getref, maar nooit — as 'n gevolg hiervan — gedwing om te daal nie. Die genie-offisier wat steeds saam met die ballon opgestyg het, het verklaar dat die ballon, wanneer dit deur granaatkartetse getref sou word, slegs stadig gedaal het. Tydens die opmars na Pretoria het die ballon 28 dae gevul gebly.

Tydens die periode is slegs 9900 vt$^3$ gas toegevoeg ten spyte van die groot verskil tussen die dag- en nagtemperatuur wat soms meer as 50$^\circ$ bedra het. Tydens die gevegte voor Pretoria het die ballon sy grootste opstyghoogte, t.w. 1 400 voet, behaal. Die ballonseksie was soos volg georganiseer: Drie offisiere, een-en-vyftig manskappe, twee-en-veertig perde en agt voertuie. Die bevelvoerende offisier het verklaar dat twintig man die minimum aantal helpers was waarmee hy sy werk sou kon verrig [p. 203]. In teenstelling hiermee het luitenant-kolonel May verklaar dat sy waarnemings in verband met lugballons in vredestyd en tydens die oorlog in Suid-Afrika hom aan die moontlikheid laat twyfel het dat die waarnemingswerk van artillerieposisies veel praktiese waarde besit het [p. 203]. Die ballonsoort wat deur die Britse troepe in Suid-Afrika gebruik is, was rond en het nie tot die beste behoort wat die nywerheid kon lewer nie, aldus kaptein Ram.

j. "The Tactics of To-day"

Met verwysing na bogenoemde publikasie van majoor Callwell. R.A., wat deur die outeur gedurende sy opmars van Laingsnek na die distrik Lydenburg geskryf is, merk kaptein Ram op dat die Britse leër van sy tradisie sal moet afwyk en sy kompanies nie langer in die breedte nie maar in die diepte sal moet ontwikkel. 'n Britse kompanie, van 100 man, beslaan 'n front van ongeveer 800 m. Volgens kaptein Ram is die beste formasie dié van vier seksies met tussenruimtes agter toe van 150 m en 'n frontlyn van 200 m. Die tussenruimte tussen die manskappe behoort agt passe te wees, terwyl die hele kompanie 'n oppervlakte van 200 m breedte en 450 in diepte beslaan.

Die Engelse werke oor die Anglo-Boereoorlog skep, aldus kaptein Ram, die indruk dat stereotipe vorms, behalwe dat hulle ten opsigte van die nuwere bewapening nie voldoen nie, tewens meebring dat baie aanvoerders in verskillende militêre range hulle nie by die vereistes van terreine en omstandighede kan aanpas nie en oor onvoldoende taktiese insig en militêre instink beskik. Hierdie gebreke het ontstaan deur werktuiglike bestudering van sekere formules en vorms, waardeur die skeppingsvermoë gedeeltelik in vormediens oorgegaan het.

Suid-Afrikaanse vrywilligers, wat aan Britse kant geveg het, het hulle aanvanklik oor foute verbaas wat gemaak is. Hulle het ontdek dat baie Britse offisiere nie vir die veldlewe gepas het nie. Foute wat begaan is, is goedgepraat deur na die Opleidingsreglement te verwys wat in Suid-Afrika 'n onbetroubare gids was. Regimentskennis is soms van meer waarde beskou as praktiese veldkennis waaroor die Suid-Afrikaner beskik het. Kaptein Ram verklaar in dié verband:

"De oorlog heeft hem dan ook geleerd dat hij ondanks zijn training in vele opzichten de mindere was van den niet — militair getrainden Afrikaanschen kolonist, wiens geheele tactische bagage bestond in zijn gezond verstand en juisten blik op het terrein." [p. 206]. Kaptein Ram was vas oortuig van die noodsaaklikheid dat, ook in Europa, die tussenruimtes soos bo genoem, vergroot moet word en het hieraan die vraag verbind of die taktiese eenheid nie te groot was nie [p. 206]. Hy het vir 'n eenheid van 'n kleiner sterkte as die toenmalige kompanie gepleit en daarna kortliks

die invloed geskets wat die moderne bewapening op die infanterie, die artillerie en die kavallerie sou hê.

Hy het onder meer verklaar dat volgens sy mening die betekenis van die kavallerie as 'n slagwapen aanmerklik afgeneem het [p. 212] en dat die kavalleris ook as 'n infanteris afgerig moes word.

k. Loopgrawe

Ten slotte het kaptein Ram verklaar dat die Boere in die algemeen geen lang loopgrawe gemaak het nie, maar skanse gebou en putte gegrawe het wat dekking aan 'n paar burgers gebied het. Tussen dié skanse en putte was daar groot ruimtes. Op dié wyse is met min werk 'n lang posisie verkry wat tewens dié voordeel gebied het dat 'n granaat slegs geringe skade aangerig het. As nadele het kaptein Ram beklemtoon dat so 'n stelsel verbindings in die posisie onmoontlik maak en dat dit die leiding bemoeilik. Indien toegegee word dat die leiding sowel as gevolg van die uitgebreidheid van die posisies en as gevolg van die eis van onsigbaarheid in elk geval besonder moeilik en dikwels onmoontlik is, dan verval hierdie beswaar gedeeltelik, het kaptein Ram ten besluite verklaar.

l. Dissipline

Na die pouse het kaptein Ram, na aanleiding van 'n uitlating van die vroeëre sekretaris [Jhr. C. G. S. Sandberg] van generaal Louis Botha as sou die Boere geen dissipline besit het nie, verklaar dat aan dié uitspraak een woordjie ontbreek. Volgens hom het die Boere geen **militêre** dissipline besit nie, aangesien onvoorwaardelike gehoorsaamheid met hulle sin vir onafhanklikheid gebots het [p. 216].

Hiervan het hulle militêre instellings, aldus spreker, al die kenmerke gedra: Die offisiere is vir 'n aantal jare gekies en was herkiesbaar, die krygsplanne is steeds in 'n krygsraad opgestel waarby al die offisiere aan die beraadslagings deelgeneem en hul stem uitgebring het. Die offisiere het dan weer met hul burgers beraadslaag wat die plan af- of goedgekeur het. Eers nadat algemene instemming verkry is, is tot uitvoering van die plan oorgegaan.

Indien vooraf die instemming van die burgers nie verkry is nie, dan het die kans bestaan dat laasgenoemdes hulle aan die uitvoering van die krygsplanne onttrek het [p. 216].

'n Sprekende voorbeeld hiervan is dat 'n aanval op Platrand, naby Ladysmith, nie uitgevoer is nie nadat die krygsraad wel so 'n besluit geneem het, maar wat nie die goedkeuring van 'n aantal veldkornetskappe verkry het nie.

Dat by 'n dergelike stelsel militêre dissipline in bogenoemde verband ontbreek het, is duidelik, maar die Boerestrydmag het, in 'n ander betekenis van die woord wel dissipline besit.

Om hierdie sienswyse toe te lig, het kaptein Ram die volgende voorbeeld gegee. 'n Organisasie so groot as die verenigde Boerekommando's op die strydtoneel aanwesig was, sou tot niks in staat gewees het nie, indien daar nie 'n sekere graad van volgsaamheid en gehoorsaamheid sou bestaan het nie en indien die burgers nie sou gevoel het dat samewerking onmoontlik is nie waar die wil om hulleself aan bevele te onderwerp heeltemal ontbreek.

Vrees vir straf of die gewoonte om te gehoorsaam het hulle nie tot 'n sekere mate van onderwerping gedryf nie, maar uitsluitend die begrip dat sonder gehoorsaamheid aan die versoek van 'n meerdere nie 'n enkele krygsplan uitvoerbaar sou wees nie [p.217].
Om 'n bevel te gehoorsaam was min of meer in stryd met die waardigheid van 'n vrye burger. By die Staatsartillerie en die Polisie, albei Staande Magte, was dit anders. Daar moes dit gedoen word en is die uniform as 'n teken van onvryheid beskou. Die artilleris was, solank hy die uniform gedra het "niet skaam om te gehoorsaam" [p. 217].

Deur besondere omstandighede moes 'n deel van die Staatsartillerie die uniform gedurende die oorlog aflê. By die Z.A.R. Polisie het dit op las van die kommandant geskied. Laasgenoemde het, aldus kaptein Ram, hom later meegedeel dat hy spyt gevoel het oor dié order, aangesien — as gevolg hiervan — die dissipline baie gely het.

Kaptein Ram het, in verband met bostaande, verklaar dat die Europese militêr meen dat mens jou tydens 'n oorlog nie op hierdie gehoorsaamheid uit vrye wil kan verlaat nie, omdat dit die meerdere geen waarborg bied dat hy steeds op onvoorwaardelike gehoorsaamheid sal kan reken nie. Hy voeg hieraan toe dat sowel die ervaring van die Tweede Anglo-Boereoorlog as die mening van 'n groot aantal Boereleiers hierdie sienswyse as korrek bestempel [p. 217].

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Genl-maj sir W. Penn-Symons, wat by Talana op 20 Oktober 1899 gesneuwel het**

Daar is met die Boere se opvatting oor dissipline heelwat bereik, maar daar het gelyktydig aan die lig gekom wat, as gevolg van gebrek aan militêre dissipline, nie bereik kon word nie. Dit is, aldus kaptein Ram, gedurende die tweede helfte van die oorlog swaar gevoel en het generaal Louis Botha daartoe gebring om, na die herstel van die vrede, 'n kasernedienstyd van twee tot drie jaar te verlang [p. 218].

Tewens was dié toestand, volgens kaptein Ram, aanleiding tot die besluit om in September 1900 deur wetgewing die militêre instellings van die weermag fondamenteel te wysig. Die stelsel om offisiere te kies, is afgeskaf. Voortaan is hulle aangestel, terwyl vegtende burgers soldy sou ontvang [p. 218].
Op dié wyse is die burgermag in 'n leër herskep.

Kaptein Ram neem aan dat bogenoemde wet deur die drang van die omstandighede ontstaan het en hy het daaraan toegevoeg dat dit as 'n uitkoms van die ervarings van die Boereleiers beskou moet word. Hy sluit hierdie ge-

deelte van sy lesing met die volgende gedagte af. "Wij mogen dus besluiten, dat de noodzakelijkheid van militaire discipline ook bij een volk, zoo strijdbaar als de Boeren, duidelijk is gebleken" [p. 218].

m. Militêre dissipline

Militêre dissipline is, aldus kaptein Ram, 'n begrip wat in die loop van die tyd verander het. Nuwe insigte het gekom en luitenant-kolonel May, wat aan die kant van die Engelse geveg het, het verklaar dat blinde gehoorsaamheid deur intelligensie vervang moet word, dat liewers 'n beroep gedoen moet word op die eergevoel van die soldaat as op sy vrees, dat die vertroue op die pligsgevoel deur opvoeding ontwikkel moet word en dat, in haglike oomblikke selfvertroue en selfrespek hopelik sal bewys dat dié elemente nie onverenigbaar met selfopoffering sal wees nie [p. 219].

Kaptein Ram het van hierdie uitspraak afgelei dat tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog in die Engelse leër dié dissipline geheers het wat in 'n vroeëre tydperk tuishoort en dat dit, volgens hom, ooreenstem met dieselfde outeur se klagtes oor die opleiding van die Britse soldaat, as gevolg waarvan 'n man nooit 'n taak kan verrig sonder dat iemand hom kontroleer nie. Die soldaat word deur die korporaal en laasgenoemde deur die sersant gekontroleer, ens. Hierdie stelsel ondermyn die onafhanklikheidsgevoel en inisiatief.

Kaptein Ram het, in dieselfde verband, soos volg voortgegaan:

"Wanneer we . . . eens besloten den soldaat ons vertrouwen te schenken en hem te behandelen zooals tegenwoordig de schooljeugd wordt behandeld, dan zou het blijken dat er vele kleine zaken in het leger zijn . . . waarbij onnoodige en dikwijls wrevel opwekkende tusschenkomst van den meerdere vermeden kan worden, en dan zou iemand, die in het leger trad, zich gerespecteerd voelen en beschouwd als een verantwoordelijk wezen, in stede van voor het tegenovergestelde te worden aangezien. Op die wijze zouden we de eerste laag leggen, waraop een ruimer intelligentie en militair instinct kan worden gebouwd; aldus zouden we een man, door te vertrouwen dat hij verstandig handelen zal, de neiging schenken aan onze verwachtingen te beantwoorden . . ." [p. 220].

Die moderne gevegsveld vereis geen mense wat soos masjinerie afgerig is nie, aldus kaptein Ram, maar mense met insig en selfstandigheid. Met verwysing na die Staatsartillerie het spreker na twee verskillende opvoedingsmetodes verwys: Die Britse wat deur sy opleiding en dissipline verlammend inwerk op alle range en die leër slegs in staat stel om ooreenkomstig stereotipiese reëls en formules op te tree, en dié van die Staatsartillerie, te wete

> "een discipline en methode van opleiding, gehoorzaamheid vorderende, doch wars van alle strakke vormen, en die een groote ruimte liet aan het initiatief van de mindere" [p. 222].

n. 'n Paar gedagtes

Aan die slot van sy lesing het kaptein Ram 'n paar gedagtes uitgespreek waarvan die volgende an ons lesers voorgelê word:

i. "Bemoedigend is het te bedenken, dat de Boerenstrijdmacht ondanks de afwezigheid van militaire discipline veel heeft kunnen verrichten, wat we vroeger onmogelijk waanden. Bemoedigend tevens is de overweging dat geen ander volk — ook niet het onze — van nature zoo wars is van alle autoriteit" [p. 224].

ii. "Tot een waarschuwing moge de ervaring ons strekken dat vaderlandschliefde noch geestdrift voor de zaak, die men met de wapenen dient, proefhoudend zijn gebleken tegen de ontmoedigende factoren van het gevecht. Krachtige discipline, vertrouwen in de aanvoerders en vertrouwen in het eigen wapen is het eenige wat de strijder weerhoudt het gevaar te ontvluchten. Desniettemin is zoowel vaderlandsliefde als geestdrift voor de goede zaak van groote beteekenis voor een leger, doch slechts in zooverre als zij de burgers, met blijmoedigheid in de dagen voor voorbereiding, tot het offer van geld en tijd zullen stemmen ter verhooging van 's lands weerbaarheid" [p. 224].


iii. "Met eerbied herdenk ik — om slechts enkelen te noemen — eenvoudige, ernstige mannen als een De la Rey, een Botha, den ridderlijken Theron, boven allen de lichtende figuren van een Steyn en De Wet. Zij leeren ons wat vaste wil en vurige vrijheidsliefde vermogen en hunne daden zullen — welke ook de uitkomst zij van dezen strijd vruchten dragen bij volgende geslachten" [p. 225].

## 4. Die "Lessen uit den Zuid-Afrikaanschen Oorlog"

Op 13 Desember 1901 het lede van die Nederlandse "Vereeniging ter Beoefening van de Krijgswetenschap" tydens 'n debat sekere aspekte van kaptein Ram se lesing bespreek. Die verslag van hierdie aand se verrigtings is deur kaptein Ram onder die opskrif "Lessen uit den Zuid-Afrikaanschen Oorlog" saamgevat en in 'n aflewering van die orgaan van bogenoemde vereniging [pp. 1-50], uitgegee deur J. Smulders & Co.,'s-Gravenhage, Mei 1902, gepubliseer.

Kaptein Ram het onder meer uitvoerig geantwoord op vrae soos die volgende:

a. Was die Engelse soldate van die Tweede Anglo-Boereoorlog van dieselfde gehalte as die Franse en Duitsers wat tydens die oorlog van 1870-1871 geveg het?
b. Word die morele krag hoofsaaklik gebreek deur die vuurwerking van die teenparty wat geen materiële uitwerking het nie?
c. Word deur vergroting van die ruimte tussen die aanvallers, indien die verdediger sy vuurkrag nie opvoer nie, die kans geringer dat die aanvaller getref word?




**Genl J. H. M. Kock, bevelvoerder van die Republikeinse magte by Elandslaagte. Hy het later aan sy wonde beswyk.**

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 2, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

d. Moet alle voorskrifte in verband met gevegvorms verdwyn?

e. Moet die vuurkrag van 'n verdedigde posisie so hoog as moontlik opgevoer word?

f. Kan sekere eienskappe die kaserne-dissipline vervang?

Hierdie en ander vrae, wat uit kaptein Ram se lesing voortgevloei het, is deur laasgenoemde uitvoerig beantwoord, maar werp nie veel nuwe lig op sy ervarings wat hy gedurende die eerste fase van die Tweede Anglo-Boereoorlog opgedoen het nie.

Met dié doel voor die oë bly die lesing "Enkele opmerkingen van krijgskundigen aard naar aanleiding van den Zuid-Afrikaanschen Oorlog" vir ons dié belangrike bron van kennis van die nagelate geskrifte van kapitein jonkheer Jahan Hendrik Ram.

## Summary

Captain **Jonkheer** Johan Hendrik Ram was one of the military attachés sent out by the Netherlands' Government, after the Boer Governments had agreed thereto, to act as an observers with the Boer Forces.

He had already completed a long military career in the Netherlands and in the Netherlands' Colonies at the stage when he took up his appointment in the South African Republic and the Orange Free State.

After his return to the Netherlands he gave two lectures to members of the "Vereeniging ter Bevordering van die Krijgwetenschap" (Society for the furtherance of the Sciences of War) in Den Haag, (The Hague) regarding various aspects of his observations at the Boer Fronts.

Captain **Jonkheer** Ram was attached to the Headquarters of General Louis Botha and this covered the full period of the conventional war.

Among others, he deals with the following aspects: the organisation of the Boer Forces, with mounted infantry as the main weapon; the shortcomings and advantages deriving therefrom; the employment of modern weapons and their influence on strategy as well as the influence the Anglo-Boer War had in regard to military thinking; and tactics in general.

He discusses the emplacement of Boer guns, reconnaissance, siting of entrenchments, the British form of attack, the shooting ability of the Boer combatants, the value of the air-balloon for reconnaissance purposes, shortcomings in British tactics and the way the Boer Forces constructed and manned their trenches.

Most readworthy are those sections which deal with the essence of discipline in general and military discipline in particular, as well as the premise that participants in warfare must possess both insight and self-reliance. Finally Captain Ram stresses the value of patriotism and enthusiasm and in his second lecture poses the question whether certain characteristics of the soldier could not perhaps replace the barracks' discipline of the day.